

*Heruitgawe van die eerste nommer van Die Afrikaanse Patriot, gedruk deur die Paarlse Drukpers vir die Afrikaanse Taalmuseum, Paarl.*

---

DIE

# Afrikaanse Patriot.

---

"Eert uwen vader en uwe moeder, opdat uwen dagen verlengd worden in het land dat u de Heere uw God geeft."

— Het vijfde Gebod.

---

DEEL 1.] SATERDAG, 15 JANUARY, 1876. [No. 1.

---

### "DIE AFRIKAANSE PATRIOT."

Een Afrikaanse koerant! Wie het dit ooit gedroom! Ja, Afrikaanders! een koerant in ons ei'e taal! Dit het baiang moeite gekos om so vêr te kom; dit kan ek julle verseker, want die meeste Afrikaanders is nes steeks pêrde, hulle wil mos nie glo dat ons een ei'e taal het nie. Die ou'e Patriotte hou vas, en klou vas, an die Hollans taal; die jong mense vind die Engelse taal weer so danig mooi, en o'ertui'e gaan net so moeilik, as om steeks pêrde te leer pronk in dié voortuig. Ons wil nou met ons "Patriot" an die wereld wys, dat ons wel de'entlik een taal het waarin ons kan sê net wat ons wil.

### "AFRIKAANSE PATRIOT;"

Ja, dit is die naam van ons blad! Een beter naam kan ons nooit kry nie, want een "Patriot" is een flukse vent, en so wil ons ons koerant ook maak:— klein, maar fluks.

Op die 15 van ider maand kan julle een besoek van die "Patriot" verwag, en ek is seker, hoe meer julle hom lees, hoe liewer julle hom sal kry. En hoe meer intekenaars julle ver hom sal besorge, hoe meer jul julle dankbaarheid sal betoon! Ek sê: *teken in! dis maar 5 sielings in die jaar!* *Sê an al julle vrinde, teken in ver die "Patriot," dis mar 5 sielings in die jaar!* Myn skepsels! wat is 5 sielings ver een "Afri-

kaanse Patriot?" . . . Een mens gé in een jaar tyd meer oulappe en stuiwers ver syn kinders om tammetjes en ander lekker-goed te koop. Nooit en te nimmer sal julle daar spyt van kry dat julle intekenaars is van di "Afrikaanse Patriot" nie.

Ons vra: "*Agente in die buitendistrikte*" ver ons "Patriot." Hulle kry een koerant verniet ver hulle moeite, as hulle ons een party intekenaars besorg!

Afrikaanders! vraag julle altemitters wat daar in die koerant sal te lees wees, of, in andere woorde, hoe ons die blad sal inrig? Kijk dan, hier is die plan:

1. Een Inleiding.
2. Afrikaanse Correspondensie.
3. Afrikaanse Geskiedenis.
4. Afrikaanse Gedigte.
5. Afrikaanse Taalkennis.
6. Een Maandelikse O'ersig van die voornaamste nuus.
7. Vra'e en antwoorde.

No. 1. *Die Inleiding* skryf ons selwers o'er belangrike sake.

No. 2. *Afrikaanse Correspondensie* is ver julle om te skrywe. Julle kan Afrikaanse brieue en stukke opstuur. Druk op dat dit help! Die grootste gros van ons nasie was tot nog toe so's doofstomme gereken. Dis hulle vertel, "julle het geen taal nie!" En in een seker sin was dit so. Want die meeste Afrikaanders het nie so veul Hollans of Engels geken dat hulle daarin goed kan praat of skrywe nie, want dis ver ons twe vreemde tale, en ons het nog geen tyd en skole gehad om vreemde tale te leer nie. En ons eie taal was nog ni erkend ni. So moes meer as een Afrikaander wat *verstand en gees* het stil bly, omdat hij *geen taal* het waarin hij hom kon uitdruk nie. En die Hollanse of Engelse taal wat hij daartoe wou gebruik kom hom net so sleg te pas as Sauls wapenrusting ver David. Né, jonge Afrikaanders! goi nou weg die

vreemde wapenrusting nes David! Vat julle slinger!  
En goi elke vyand, al is hij so groot as Goliath, teun  
die grond. Ja, nou kan elke Afrikaander skrywe wat  
hy wil in syn eie taal. Wat traak ons verder met  
Hollanse Spraakkuns of Engelse Woordenboek. Nou  
skryf ons nes ons praat, en seg net wat ons wil. Kom  
nou voor 'n dag, verborge pêrels en diamante! Waar-  
om langer onder die vreemde stof begrawe en met  
vreemde voete vertrap? Kom uit nou, Afrikaanders!  
en laat ons sien of Afrikaanders nie net so veul gees  
het as eenig ander nasie op die wêreld nie! Waarom  
moet ons hart langer die graf wees van ons gedagte?  
Kom uit! Skrywe julle taal! Hulle skryf wel Kaffertaal  
en Boesman-geklap te'enwoordig. Waarom ons taal  
dan gesmoor? Kom uit! Ons weet daar is gees ge-  
noeg; dis net nog maar verborge!

No. 3 Is ook ver julle—Ons sal saam werk. Julle  
moet, maskie klein brokkies, van die Geskiedenis van  
ons voorouwers by makaar maak en ver ons stuur.  
Als julle wil weet hoe, kijk dan na die stuk van Ware  
Afrikaander o'er die Hugenote—dis die manier!

No. 4 Is ook ver julle. Julle kan nou rym en dig  
dat dit ni maklik is nie. Jonge Afrikaanders! julle  
kan mos fluks rym! Stuur julle gedigte, kerels!  
Stuur mar! Die wat een beter gedig stuur as ons  
“Volkslied,” die kry van ons een pluimpie. En die  
wat foute maak, dis niks nie, ons sal hom reg help.

No. 5 Is ver julle en ver ons same om te skrywe  
o'er ons taal. Een taal is een ding wat nie soemar  
kant en klaar uit die hemel val nie. Kijk mar Hollans  
en Engels, hoe't hulle dit eers geskrywe, en hoe nou!  
Daarom moet ons oek begin te skrywe oer ons taal.

No. 6 Blyf ver ons. Omdat:

(a) Baiang Afrikaanders lees geen koerante nie.

(b) Baiang lees dit mar half.

(c) Baiang kan nie onthou wat hulle lees nie, veral  
in verband met die gebeurtenisse.

No. 7 Is ver ons Intekenaars. Elke intekenaar  
het reg om eenige vraag in ons blad te doen, en elke

intekenaar het reg om eenmaal daarop te andwoorde, mits alles onder toesig van die Redaktie. Die hou reg op die laaste woord. Ek sal dees keer die eerste vraag en andwoord opgê, om Afrikaanders op die weg te help. Vraag: "Waarom het ons in die Afrikaanse taal mar *een verleden en vier toekomende ty'e?*" Andwoord: "Omdat ons nog amper geen verleden, mar wel een toekomst het!"

Is daar nog Afrikaanders wat vra wat ons doel is? Ons andwoord is:

"OM TE STAAN VER ONS TAAL, ONS NASIE EN ONS LAND."

Is daar spotters? (daar is zeker baiang). Spot mar fluks op! Ons troos ons daarmé, julle spot uit DOMHEID! Alle dinge word bespot. Stoom is mé gespot. Gaslig is mé gespot, enz. En sou die Afrikaanse taal dan vryloop? Een Regte Afrikaander sal nie spot nie, en dis ver Regte Afrikaanders, Afrikaanders met Afrikaanse harten wat ons skrywe, en nie ver spotters!

Ons sal an al die Hollanse koerante in die land ons "Patriot" stuur. Wil hulle ver ons oek so dan en nou een koerant stuur, ons sal dit dankbaar ontvang. Wil hulle van ons stukke o'erneem, hulle is welkom.

Ons sal an die Editeur van die "*Zuid-Afrikaan en Volksvriend*" altijd dankbaar wees ver die hulp en vrindskap wat hy ons betoon het en nog bewys.

En nou: Klein begin,

Anhou win. Dis tog mar een al te ware woord. Een babetje kan een reus worde; en waarom sou die "*Afrikaanse Patriot*" nie een Afrikaanse reus kan worde nie? Waarom sou ons intekenaars nie later alle da'e een koerant kan ontvang in plaas van alle maande? Ons wil die beste hoop en die beste wens. En met di gegrondre hoop, en die welgemeende wens, stuur ons die eerste nommer van die "*Patriot*" die wêreld in. En skree al wat ons kan, en roep ieder "Regte Afrikaander" toe om ook saam te skree "Hoerê ver die *Afrikaanse Patriot!*"

"Afrikaanse Patriot" bo'e ! !"

"Hip, hip, hip, hoerê ! ! !"

DIE  
GENOOTSKAP VAN REGTE AFRIKAANDERS  
**G R O E T**  
AL HULLE LANDGENOTE  
EN

## WENS HULLE VREDE.

ONSE LIEWE HEERE het op die aarde verskillende Naties gestel en aan ider Natie sy Taal gege. Om die sonde van die mens het onse Lieve Heer die Volke verdeel en die Tale verwarr, by die toren van Babel (Gen. 11). En die inrigting het God self altyd erken en bevestig. Kyk maar op Pinksterdag (Hand. 2:5—12). God kon sy wil bekend gemaak hê in één taal, in die taal wat al die mense gesprok het voor die verwarring (Gen. 11:1), en daardeur sou Hy dan te kenne ge: "Laat al die Naties die een taal leer, wat Ek aan die mense gege het; Ek kan, in die openbaring van myn volmaakte wil, Myn nie steur aan al die gebrekkige stukke van tale wat deur die sonde verwarr is nie." — Mar ne, ons Lieve Heer laat deur die H. Geest "verdeelde tongen" op die hoofde van die discipels sit: "*tongen*", om Gods wil te verkondig; "*verdeelde tongen*," om dit in al die tale te doen. Dit was dus bepaald vollens Gods wil, dat "Parthers, en Meders, en Elamieten," ens., moes uitroep: "*Wij hooren hen een iegelijk in ons eigen taal in welke wij geboren zijn spreken.*" Dit siet ons oek duidelik uit Openb. 14:6 (wat bepaald siet op onse dae): "En ik zag eenen anderen Engel, vliegende in het midden des hemel, en hij had het eeuwig Evangelie, om te verkondigen den-genen, die op die aarde wonen, en aan alle natie, en geslacht, *en taal*, en volk." — Mar nog meer — "die ooren heeft die hoor!" — in die Openbaring van Johannes (5:9), lees ons die loflied van die gezaligde: "Gij hebt ons Gode gekocht met uw bloed, uit *alle* geslacht *en taal*, en volk, en natie." En verder (7:9) lees ons:

"Na dezen zag ik, en ziet, eene groote schaar, die niemand tellen kon, uit *alle* natie en geslachten, en volken *en tale*, staan voor den troon en voor het Lam." ens. Uit die tekste kan ons duidelik zien dat die verskillende volke en tale selfs in die hemel, voor die troon van God, erkend wort.

En ons natuurlik verstand leer ons dit oek, al sou die Bijbel daar niks van sê ni. Kyk selfs die ou'e heidense konings wat hulle gedaan het. Lees hiervan in die boek van Ester 1:22; 3:12 en 8:9. Daar siet ons dat Ahasveros, "die regeerde van Indië af tot Morenland toe 127 landschappen" syn onderdane geregeer en syn wette uitgestuur het "aan een iegelyk landschap naar zyn schrift en *aan elk volk naar zijn spraak.*" Ja, hy het dit as een gebod uitgevaardig: "dat *elk man overheer in zijn huis wezen zou* (syn gewoontes sal hou) en *spreken naar de spraak zijs volks*" (syn taal sal praat).—Mar ons weet dit oek uit die geskiedenis buiten die Bijbel. Wat lees ons van koning Mithridates? Hij het geregeer o'er 22 Koningrije, en hy het jedereen bestuur vollens hulle ei'e wette en in hulle ei'e taal En syn Officiere, en Gouverneurs, en Magistrate, ens., moes almal die tale leer van die naties waaro'er hulle gestel was, en moes hulle maniere verstaan.

En as heidense volk nou so handel, wat kan ons dan nie verwag van Christelike naties, wat nie alleen die natuurlike verstand en die voorbeeld van die heidense naties hierin het nie, mar bo-endien nog Gods woord het om hulle dit te leer? .....

En wat is nou hier met ons gebeur? Onze Liewe Heer het ver ons in Afrika geplaas en ver ons die Afrikaanse taal gege. En net di te'eno'ergestelde van wat Ahasveros gedaan het, het die Engelse regering met ons gedaan. In 1812, dis voor die kolonie nog hulle wettige ei'endom was (die Prins van Oranje het toen nog mar die kolonie an hulle beskerming toevertrou, en in 1815 is dit eers wettig an hulle o'er gege) —toen het die koning van England al een Proklamatie

uitgevaardig, waarin hij aanbeveel dat ons almal moet Engels leer. En van die tyd af het hulle net hulle bes gedaan om ons taal te misken en te verdring deur hulle taal in te voer. Kyk mar ons Parlement, die Raad van ons land, moet in HULLE taal gehou worde. Nou kan ons die Vaders van ons land nie daarna toe stuur nie, want hulle ken geen Engels nie. Daar gaan vreemdelinge, handelaars, fortuinsoekers, en al sulke soort van mense wat maar een bietjie Engels kan praat, daar natoe; en hulle is glad onbekwaam om ons belangte behartig.—Kyk in ONS Gereghewe daar het hulle oek HULLE taal ingevoer. Nou moet ons daar staan, in ons ei'e Gereghewe, so's vreemdelinge en wort beskuldig en veroordeel in een vreemde taal wat ons nie verstaan nie. En al ken die regter oek al ons taal, dan moet hy daarom ver hom aanstel nes hy dit kasta nie verstaan nie, en daarom moet daar nog een tolk wees—En hoe gaan het nou in ONS Skole? Nog erger. In hulle Re'els eis hulle dat die ENGELSE taal, so ver as doenlik is, die taal moet wees waarin onderwijs moet gege worde. En so kom ons kinders in ons ei'e Skole so's papegaaie. Hulle moet eers een vreemde taal leer om dan in die taal verder te kan geleer worde ! ! !—En in die Re'els seg hulle nog mar "so ver as doenlik is," mar in die praktyk toon hulle, dat hulle denk dat dit heeltemaal doenlik is om niks as Engels te leer in ons Skole. Want een onderwijser hoef, vollens hulle wet, glad nie *ons* taal te ken nie. Op die examen vraag hulle niks as Engels; Hollans wort nie vereis nie, mar gelyk gestel met Kaffertaal.—Op die manier wil hulle nou met geweld ons moedertaal by ons kinders uitroei. En di's een vreeselike onreg. Want as jy een volk syn taal afneem, dan maak jy hom tot een doofstommie; jy ontneem hom die wysheid van syn voorvaders wat bewaard is in al die spreuke, spreekwoorde en uitdruk-kens, ens.

En die ergste is nog, hulle ontneem ons wat hulle ons nooit weer kan ge nie. Want daar is mar één moedertaal, die taal van ons hart. Die taal waarin ons an moeders bors *pa* en *ma* leer sê het,—die taal waarin

ons die eerste indrukke ontvang het,—die taal waarin ons vrome moeder ons as kinders geleer het om die dierbare naam van onse Heere Jesus uit te spreek,— die taal waarin ons ouers altyd hulle God gedien het,— die taal waarin ons brawe vader ons op syn sterfbed nog vermaan het, die taal waarin ons moeder stervend haar laatste aassem uitgeblaas het in een gebed vir ons:—*die taal blyf ons heilig*—die taal kan ons ver geen ander taal op die wereld verruil nie. En ieder perbeerslag om ons die taal te ontneem beskou ons as een onteering van die nagedagtenis van onse voorvaders, as een onderdrukking van die te' enwoordige geslag, en as een onreg ons kinders aangedaan . . . . Mar, an die ander kant, elke poging, al is dit nog so swak, om ons moedertaal, wat ons dierbaar en heilig is, te bewaar en te verdedig, sal ons verstaan en bevorder so lank as ons leef. Hulle sal ons moedertaal nie uitroeい nie!

En die geskiedenis het dit oek al genoeg getoon dat dit onmo'entlik is om een volk syn moedertaal te ontneem. Kyk in Wallis, dit leg in die middel van die Engelse rijk, en daar het hulle tot vandag toe nog nie die volkstaal kan uitroeい nie, ofskoon dit al eeuwe lank onder England is. En kyk watter moeite het die Russe al gedaan om die Pole hulle moedertaal af te neem; mar di's verniet, tot vandag toe praat hulle nog Pools. En so oek in Vlaanderen, Friesland, Ierland en ander lande.

En wat voer die Engelse regering dan nou hier uit met al hulle gewerskaf om ons taal te verdring deur met krag en geweld hulle taal hier in te voer? Daardeur doet hulle ons nijs as skade an. Hulle ontneem ons die sleutel van alle kennis. Hulle wil hier weer die toren van Babel bou, om ver hulle een naam te maak en daardeur breng hulle nijs as verwarring.

Mar di's hulle nog nie geluk om ons moedertaal uit te roei nie. Onse Liewe Heer het dit nie toegelaat nie. In 70 jare tyd het hulle die 20,000 blanke Afrikaanders nog niet tot Engelse kan maak nie. Ne, Afrikaans is nog die baas. Daar is vandag meer wat Afrikaans

praat as in 1812. Die grootste gros van ons natie praat almal nog Afrikaans.

Mar daar is daarom drie soorte van Afrikaanders. Dit moet ons in die oog hou. Daar is *Afrikaanders met ENGELSE harte*. En daar is *Afrikaanders met HOL-LANSE harte*. En dan is daar **AFRIKAANDERS MET AFRIKAANSE HARTE**. Die laaste noem ons REGTE AFRIKAANDERS, en die veral roep ons op om aan ons kant te kom staan.

En wat gaan ons dan maak? . . . Regte Afrikaanders, ons roep julle op om same met ons te erken dat die Afrikaanse taal ons moeder taal is wat onse Liewe Heere ver ons gege het; en om same met ons te staan ver ons taal deur dik en dun; en nie te rus nie voor dat ons taal in alle opsigte algemeen erkend is as die volks-taal van ons land.

VAARWEL!

---

## AFRIKAANSE GESKIEDENIS

---

### DIE HUGENOTE AN DIE KAAP

In verskeie boeke kan ons lees hoe die Hugenote, ons voorvaarders, in Frankryk vervolgd is, waarnatoe hulle gevlug het, ens. Mar hoe dit met *hulle hier an die Kaap* gegaan het is tot nog toe in geen boek beskrewe nie. Al wat ons daarvan weet is wat ons voorvaders ons vertel het. Mar die ou'e mense sterf weg, en nou is daar gevaar dat hulle nageslag naderhand niks meer sal weet hoe dit met hulle vaders gegaan het nie. Daarom sal die skrywer perbeur om wat hy nog van hulle met sekerheid kan te weet kom op te teken uit die mond van geloofwaardige ou'e mense, en dit dan in een paar stukke in Die Afrikaanse Patriot te laat druk. En hy hoop dat ander syn voorbeeld sal volg, en oek sal opskrywe en na die Patriot stuur wat hulle daarvan kan te weet kry.

Toen die Hugenote in Frankryk so vervolg is, het een menigte gevlug na Holand, Duitsland, Denemar-ken, Sweden, Rusland, England en Amerika.

Die Franse regering wou dit belet, dat die arme mense sou vlug uit hulle land uit, en hulle het o'erall by die séhawens en op die grense wagte geset. Mar nie te min nie het tog duizende, die grootste gevare deurgegaan om te ontvlug. Een menigte van die arme vlugtelinge het hulle opgevang, en dan sware kettings van 50 pond gewig om die nek gehang en party in die boei'e geset, en toen deur die land gevoer om die ander bang te maak. En as hulle dan zoo moeg is dat hulle flou val, dan word hulle met stokke geslaan om weer op te staan. En die kos wat hulle kry was so min en so sleag dat hulle amper nie daarvan kon lewe nie. Snags moes hulle dan so mar in die stinkerigste hokke op die grond slaap, met die sware ysters om hulle nek en aan hulle bene.

Maar onder dit alles deur het daar tog een menigte ontvlug. Hoeveel kan nie met sekerheid opgege worre nie, juis omdat hulle stiljetjes het moet vlug. So's die grootvader van die Rousseaus (party skrywe nou Rossouw), was een musikant en so het hy gevlug met syn musiekinstrument in die hand. Andere het so's jagters met die geweer op skou'er uitgegaan en so ontvlug. Sommige sê daar het almal same 300,000 gevlug, andere sê gansegaar 600,000. Mar een ding is seker, dat duisende van die mense, waaronder ons voorou'ers oek was, so veul ver hulle geloof o'er had dat hulle alles verlaat het en deur al die gevare gegaan is om onse liewer Heer vry te kan dien. Mog die eerbied ver die godsdienst mar altyd onder hulle nageslag bewaard blywe!

Ons voorou'ers het uit Frankryk eers na Holland toe gevlug. Die Hollanse regering het hulle met ope arme ontvang, en toen hulle hoor dat die Oost Indiese Maatskappy, wat die tyd die Kaap in besit gehad het, mense soek om hier te kom woon, het hulle gevra of die Maatskappy nie die arme Hugenote hennatoe wou neem en ver hulle plase gé nie. En die Maatskappy het dit dadelik ingewillig.

In November 1687, het die maatskappy uit Holland geskrywe aan die Gouverneur van die Kaap, wat hulle

plan is met die Hugenote. Hier is een uittreksel daaruit:

“Ons het beslote om, buiten ander vrye burgers, nog een party Franse vlugtelinge na die Kaap toe te stuur—vollens die regulaties wat ons stuur in Hollans en Frans—almal Gereformeerde, en een Franse Gereformeerde predikant stuur ons met hulle same, om ver hulle godsdienst te hou in die Franse taal. Onder hulle is wynboere, wat goed weet om asyn en brandewyn oek te maak; en dit kom net goed ver die kolonie oek. Dit is nou julle plig, terwyl die arme mense van alles ontbloot is, om ver hulle te help so's hulle ankom, en ver hulle alles te gé wat hulle noodig het, totdat hulle in staat is om ver hulselwers te sorre. Hulle is iwerige mense en gou tevré.”

Nou gé ons nog een kort uittreksel uit die regulaties en kondisies waarop die Maatskappy die Hugenote hiernatoe gebreng het:—

1. Die Hugenote wort verniet, sonder koste, o'er-gebreng na die Kaap toe, as hulle een eed van getrouheid aan die Maatskappy afgelê het.

2. Net mar klere en die noodigste dinge ver die reis kan hulle méneem; buiten geld, die kan idereen méneem so veul as hy wil. (Dit wil sê, hulle moes nie so veul goed mébreng dat hulle hier kon kom handel drywe nie; want dit sou skade wees ver die Maatskappy.) ...

3. Almal moet an die Kaap bly woon en in die boerdery of eenig ander ambag werk.

4. Ver die wat wil boer moet so veul grond gegé worre as hulle kan bewerk; saad en gereedskap moet ver hulle geleen worre.

5. Hulle moet ten minste 5 jare an die Kaap bly; mar hulle kan om ontslag vra vóór die tyd, as hulle reg het daarvoor.

6. Wat weer wil teruggaan moet betaal daarvoor.

Van 1687 tot 1689 het die Hugenote hier aangekom. Die name van die families, en wanneer hulle aangekom het, en waar hulle gaan woon het, en hoe dit met

hulle gegaan is, en so, hoop ons naderhand verder te vertel. Laat ons die slag nou nog maar net vertel van hulle eerste kerk.

Hulle eerste kerk het hulle gebou in Groot Drakenstein, waar nou die "Simondium" staat, wat deur hulle nakomelinge opgerig is as een gedagtenis van hulle eerste predikant Pierre Simond. Hulle het die kerk daar geset omdat dit in die middel was. Want party het an Franshoek, party an Drakenstein, party an Wagenmakersvly ens. gewoon. Die kerk van Drakenstein het vier Franse predikante gehad: Simond, Daillé, Beck en Campher\*.

Hulle eerste kerkstoel was van die swart miershope wat een mens nou nog daar in die buurte kry. Die het hulle almal bo'e die koppies afgestEEK en in ry'e in die kerk geset. As hulle kinders mar meer van die nederigheid o'er gehou het! Dit sou gelukkig wees. Laat ons tog nooit ons afkoms verlo'en nie, mar altoos denk, hoe't ons vaders ver hulle behelp het.

En as een mens nou hoor hoe hulle kerk-toe-gekom het. Eers was hulle so arm dat hulle te voet moes loop kerk-toe, tot uit Franshoek uit. Naderhand het hulle daar same gemaak en een pêrd gekoop, dat die ou'e swakke mense kan ry, En toen het hulle so gemaak: dan ry een een end, en dan maak hy die pêrd an een bos vas en loop verder. En as die wat agter is dan weer by die pêrd kom, dan klim weer een van die ou'ste en swakste op en dan ry hy weer een end. En so het hulle angegaan. Wat een broederliefde! Mog dit mar onder die nageslag bewaard blywe!

Hulle het in die Franse taal kerk gehou tot in 1724. Di's ruim 35 jare na die ankomst van die Hugenote in die kolonie. In die tyd was byna almal wat uit Frankryk gevlug het al dood, en hulle kinders wat hier gebore is het almal Hollands geken. Toen daar nog mar twé of drie van die ou'e vlugtelinge was wat geen

---

\* Waarom wort maar één genoem in ons Almanak? Wie kan myn dit zê?

Hollans verstaan nie, het die Hollanse regering expres nog een krankbesoeker ver hulle angstel, dis die stamvader van die ou Bosmans.

Di's dus niks as laster wanneer hulle nou seg dat die Hollanse regering met geweld die Franse taal uitgeroei het. Di's eerder een wonder, dat die prediking in die Franse taal nog so lank geduur het. Want, kyk in Frankryk is hulle so wreedaardig vervolg geworre, en daar het hulle so veul onreg moet ly, dat ons voorou'ers van selfs alle liefde ver hulle land en hulle taal verloor het. Dan kom nog daarby, dat Holland hulle met ope arme ontvang het, en die meeste van hulle daar een hele tyd deurgebreng het en toen die Hollanse taal angeleer het, so dat hulle van selwers liefde ver die volk en ver die taal gekry het, en dit toen beskou as hulle tweede vaderland. En eindelik, hulle is hier in een Hollanse kolonie kom woon, onder Hollanders, en het as broers same gewoon, en hulle kinders het o'er en weer getrou.

#### EEN WARE AFRIKANER.

P.S.—Ek sal bly wees as al die intekenaars van tyd tot tyd wil opteken alles wat van belang is in die geskiedenis van ons voorou'ers, in watter opsig oek, en na die *Patriot* stuur. So sal ons dan naderhand een geskiedenis van ons land kry. Ek is besig an die geskiedenis van ons land; mar glo myn di's moeilik om agter die waarheid te kom. Die geskiedenis is al amper klaar. Net mar van die uitgeweke Boere moet nog afgedruk worre. As iemand nou daarvan in die vol'ende nommer iets kan méédeel, dan kan ek dit nog gebruik. Mar eenige ander mèdeling zal oek wel naderhand te pas kom.

W.A.

## DIE AFRIKAANSE VOLKSLIED

1.

Een ieder nasie het syn LAND,  
Ons woon op Afrikaanse strand.  
Ver ons is daar geen beter grond  
Op al die wy'e wereldrond.  
Trots is ons om die naam te dra  
Van kinders van Suid Afrika.

2.

Een ider nasie het syn TAAL  
Ons praat van Kaap tot in Transvaal,  
Wat almal maklik kan verstaan,  
Wat gaan die ander tale ons aan?  
Ons praat, so's Pa en Oupapa.  
Die Landstaal van Suid Afrika.

3.

Een ieder nasie het syn WET,  
Wat goed gebied en kwaad belet,  
En elk syn wet is na syn aard  
En gaan met syn natuur gepaard:  
So volg ons oek die sede na,  
Wat thuis hoort in Suid Afrika.

4.

Een ider nasie het syn REG,  
Al is hy nog so swak en sleg.  
Daar is een Oog wat alles merk;  
Hy set die onreg paal en perk,  
Hy kyk oek ons verdrukkers na,  
En waak oek ver Suid Afrika.

5.

Een ider nasie het syn TYD  
Om op te groei en af te slyt,  
En so's ons liewe Heer dit doet,  
So is dit altyd wys en goed.  
Daar kom een dag ver ons oek ja  
Vertrouw op God, Suid Afrika!

6.

Want al di nasies het één GOD,  
Hy re'el ider volk syn lot;  
Hy het ver ider volk syn taal  
Syn land, syn reg, syn tyd bepaal  
Wie dit verag sal Syn straf dra.  
O God, beskerm Suid Afrika.

## CORRESPONDENTIE

### An Lokomotief.

Waarde Neef.—Wie is tog meer verheug as ek dat daar eindelik een koerant in ons eie taal sal gedruk word! Ons sal nou skrywe dat dit so gons. Zy kan op my reken. As ek een vrye uurtje het sal ek de "Patriot" nie vergeet nie. Oom Jan en neef Danie doen banja moeite om intekenaars ver jou koerant te kry. Ou neef, jy kan g'loo, party kerels is tog vals! Daar is een heele party van hulle wat met krag en geweld die **Hollans** vertrap het; en wat gedenk het: "Nou het ons ons sin—nou sal alles Engels word"—en daar kom die AFRIKAANS as een spook uit die Hollans syn as opgerys! Soe! Yna! Hulle met hul skole waar nix as Engels geleer word, het net banja seer gekry! Mens kan so mar jammer worde. Daar is een van ons prekante die oek so verskrikkelik met die Engels is,—syn naam sal ek nie noem nie, mar hy is nie **ver** nie—toe imand ver hom een van ons Advertenties gé, word die arme man so boos, dat hy dit met veragting weg smyt. Foei tog! Hoe sal hy maak as hy die "Patriot" in hande kry? Ek denk dit sal goed wees dat julle hom liewers nie die koerant moet stuur nie; die arme man kan dalk wat o'erkom: ek wil te minste nie daarvoor instaan nie.

Kompelment van tant Mimie en nig Hannie.

Jou neef,

KLAAS WAARZEGGER, Jr.

---

### "AN CORRESPONDENTE."

"Ons laat die "Patriot" expres in die vorm van een boekie druk dat julle dit beter kan bérre. Naai dit mar net vas met een dratjie gare."

---

L.W.—Die onreëlmataige spelling soos bv. „die di; maar, mar; nie, ni; y, ij.” ens. is presies soos dit destyds in „Die Patriot” verskyn het.

—Die Uitgewers.

# DIE “AFRIKAANSE PATRIOT.”

DEUR die “GENOOTSKAP VAN REGTE AFRIKAANDERS,” sal een Maandblad uitgegêe worde, wat die naam sal dra van die “AFRIKAANSE Patriot,” in dië vorm van een boekie van sestien (16) bladsy'e. Die eerste blad sal uitkom op die 15de Januari, 1876. Die blad sal geskrywe worde in die Afrikaanse taal, en die doel van die blad is om te staan ver ons taal en ons nasie. Die prijs is Vijf (5) Sielings in die jaar, posgeld saam.

## ALLE REGTE AFRIKAANDERS

word versog in te teken; hulle kan 5 Sielings aan posse'eis insluit, en hulle naam en woonplaas duidelik opgêe an die adres van “LOKOMOTIEF” an die Kantoor van die *Zuid Afrikaan en Volksvriend*, Kaapstad. Advertensies sal goedkoop geplaas worde, en brieve en stukke in die Afrikaanse taal word versog.

Intekenaars moet tog sô gou as mo'entlik is hulle name instuur, so dat ons kan weet hoeveul of daar gedruk moet worde. As imand gewillig is om *Agent* te wees, die wort versog daarvan kennis te gê. Agenten kry een exemplaar persent.

Ons verwag, ja ons reken daarop dat ider “REGTE AFRIKAANDER” 5s. in die jaar sal o'er hê ver ons blad.

Uit naam van die ‘Genootskap van Regte Afrikaanders’  
*LOKOMOTIEF*.

Kantoor van die *Zuid Afrikaan en Volkvriend*,  
Kaapstad.